

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 5

26 FEBRUARIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

KOM ONS BID
Daar is van ons ouers en personeel se familie wat tans ernstig siek is. Ons wil almal vra om saam met ons vir hul spoedige herstel in die moeilike tye te bid.

NUWELING
Baie geluk aan Juf. Chanté Dobson en haar man, Jonathan, met die geboorte van hul dogtertjie, Amé, op Vrydag, 26 Februarie. Mag sy 'n bron van groot vreugde in jul lewens wees!

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)
Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen 'n beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope week was daar geweldig baie kinders laat vir skool. Die skool begin stiptelik om 07:45. Indien u kind van volgende week af laat is, sal ons ongelukkig vir hulle inskrywings op hul kommunikasiekaarte gee.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 4 MAART 2021
Die verkiesing van die ouerverteenwoordigers op die beheerliggaam van Laerskool Newtonpark vind op **Donderdag 4 Maart 2021 vanaf 08:00 – 16:00 in die skoolsaal plaas, soos in die kennisgewing uiteengesit. Ouers kom in deur die hoofhek. Volg asseblief die skool se Covid-19-protokol tydens die verkiesing. Indien daar nie 'n kworum van 15% van die**

name op die kieserslys verkry word nie, sal die volgende verkiesings-geleentheid op 18 Maart 2021 vanaf 08:00 – 16:00 in die skoolsaal van Laerskool Newtonpark plaasvind. Geen kworum is tydens die tweede vergadering nodig nie. Vorige nominasies van aanvanklike verkiesingsdag, is steeds geldig. Onthou dat alle nuwe nominasievorms 3 dae voor die verkiesingsdag ingehandig moet word.

Tydens die voldag-verkiesing kry elke stemgeregtigde ouer die kans om vanaf 08:00 tot 16:00 skooltoe te kom en hul kruisie te kom trek. Daar sal geen vooraf nominasievergadering soos in die verlede plaasvind nie. Die telling van die stemme kan slegs voortgaan indien ‘n kworum van 15% van die kiesers verkry is. **Dit beteken dat 149 ouers moet 4 Maart 2021 hul kruisie kom trek, anders sal ons ‘n tweede verkiesingsdag moet hê, waar daar nie ‘n kworum benodig word nie.**

Volledige inligting rakende die verkiesingsprosedure is op D6 beskikbaar!

OOV/KLASVERTEENWOORDIGERS 2021
Baie geluk aan die onderstaande ouers wat tot die volgende ampte tydens die OOV/Klasverteenwoordiger vergadering gehou op Woensdag, 23 Februarie 2021 verkies is.

Voorsitter: Mev. Sulene Camarinos
Onder-Voorsitter: Mev. Jeanette Scheepers
Sekretaresse: Mev. Veronica Smit

DIE 10-DAG SIKLUS
Die skool volg 'n 10-dag siklus vir grade R tot 6, waar die leerlinge op alternatiewe dae skool toe kom. Dit sal lei tot 'n eweredige verspreiding van kontaktyd en verseker ook dat sosiale distansiëring gehandhaaf kan word, aangesien daar nie meer as 50% van die leerlinge per klas sal wees nie.

Vir die dae waarop die spesifieke groep nie skool toe kom nie, sal daar tuisstudie-opdragte gegee word, sodat die beskikbare tyd maksimaal benut kan word om alle akademiese werk aan te spreek.

Die tabel hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom. Slegs grade 4 tot 6 volg ‘n spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal ‘n normale skooldag-rooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingegedeel is, verskyn in D6 onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabel om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

Datum	Dag	Groep	Rooster gevolg
2021/03/01	Maandag	A	Volg Maandag se rooster
2021/03/02	Dinsdag	B	Volg Maandag se rooster
2021/03/03	Woensdag	A	Volg Dinsdag se rooster
2021/03/04	Donderdag	B	Volg Dinsdag se rooster
2021/03/05	Vrydag	A	**Volg Vrydag se rooster**
2021/03/08	Maandag	B	Volg Woensdag se rooster
2021/03/09	Dinsdag	A	Volg Woensdag se rooster
2021/03/10	Woensdag	B	Volg Donderdag se rooster
2021/03/11	Donderdag	A	Volg Donderdag se rooster
2021/03/12	Vrydag	B	Volg Vrydag se rooster

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R15 500	R1 550	R1 410
Tweede kind	R14 100	R1 410	R1 282
Derde kind	R 9 800	R 980	R 891
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R15 500	R1 550	R1 410
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
13:00/13:30 – 14:15	R 5 100	R 1 275	
13:00/14:15 – 17:30	R 7 520	R 1 880	
13:00/13:30 – 17:30	R 8 800	R 2 200	
MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR			
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**		
1	R200		
2	R310		
3	R450		

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2021 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2021 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms per e-pos by Mev. Laas aanvra en **voor of op 28 Februarie 2021**, vir oorweging deur die beheerliggaam, indien. Die aansoedokumente moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees. Aansoeke moet na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.
Geen vrystellings wat in 2020 toegestaan is, word na 2021 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die skurk en die edel persoon steur hulle ewe min aan eerlikheid. Vir die een is dit onbegryplik; vir die ander vanselfsprekend.
Max Haushoffer

Motivering is alles. Jy kan twee mense se werk doen, maar jy kan nooit twee mense wees nie.
Lee Lacocca

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 1 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **07:30-12:00**
Di – 2 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B**
Woe – 3 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 4 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B** **NETHEIDSINSPEKSIE** Beheerliggaamverkiesing (1) : **08:00 – 16:00**
Vr – 5 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A** Klerewinkel **07:30-12:00**

SPORT & KULTUUR

SWEM GALA : 19 – 20 FEBRUARIE 2021
Isabel Kühn in graad 5Z het op 19 en 20 Februarie 2021 aan die 3de A-gala deelgeneem. Haar uitslae was as volg:
100 vryslag : 2de
100m borsslag : 2de
200m IM : 2de
200m vryslag : 3de

Baie geluk, Isabel!

TALENT AMERICA : DESEMBER 2020

Mia Beer in graad 6H het gedurende Desember 2020 aanlyn aan die “Talent America” kompetisie in die “Jazz Solo : 9 – 11 jaar” kategorie deelgeneem. Sy het haar Suid Afrikaanse Kleure in Uitvoerende Kunste verwerf. Baie geluk met hierdie uitstaande prestasie, Mia!

CERTIFICATE

OF ACHIEVEMENT

This serves to confirm that

MIA BEER

Has obtained their
South African Colours in Performing Arts,
At a recognized Performing Arts International Competition.

Date: **12/2020** Membership number: **1176**

Presented by F.P.A.S.A

Achievement

2020